**Aandag !**

Laat u raket deur ons deskundige hersnaar en herstel. Ons waarborg tevredenheid of u geld terug.

**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
Pleinstraat - Stellenbosch

DIE
# Matie

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., en uitgegee deur die A.N.S.-Tak, Stellenbosch.

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL V, No. 24. DIE MATIE, VRYDAG, 2 NOVEMBER 1945. Prys 1d.

**BESTE DIENS**
vir
**FIETSE, RADIO'S ENS.**
is
nog verkrygbaar
**H. VILJOEN**
PLEINSTRAAT

UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
21 MAR 1949
UNIVERSITY LIBRARY

# PRO ECCLESIA BOU

## 'n Moderne Drukkery

Van meer dan gewone betekenis vir Stellenbosch is die bou van die nuwe, modern ingerigte Drukkery van die Pro Ecclesia-Maatskappy op die terrein aan Birdstraat naas die Tekstielfabriek, naby Du Toit-stasie, waarmee verlede week 'n aanvang gemaak is. Die gebou word onderneem deur die bekende aannemer, mnr. C. F. Smit, vir die som van £25,400 en sal wel, teen die tyd dat dit klaar is, op naby £30,000 te staan kom.

Hierdie nuwe gebou het noodsaaklik geword deur die geweldige uitbreiding wat Pro Ecclesia in die laaste tyd gemaak het en is 'n voorvereiste vir nog groter uitbreiding wat aanstaande is, maar wat deur die beknoptheid en onbevredigende toestand van die huidige lokale naas die Teologiese Kweekskool gestrem word.



Die nuwe Drukkery

Die oorspronklike Pro Ecclesia-Drukkery is in 1903 opgerig deur prof. Marais met die ondersteuning van 'n paar predikante en ander vriende. Prof. Marais was self voorsitter van die Bestuur, met ds. (later prof.) J. du Plessis as sekretaris, mnr. J. D. (oom Japie) Krige as proefleser en mnr. J. Conradie, later Administrateur van die Kaap-provinsie, as boekhouer. Die vernaamste publikasies in daardie dae was **Die Gereformeerde Maandblad,** onder redaksie van proff. Marais en Muller, **Die Koningsbode, Die Wekker, Die Christelike Strewer, Die Studente-Kwartaalblad** en **Sondagskoolroosters.**

In 1911 het mnr. W. H. du Toit die Drukkery oorgeneem as sy private onderneming. Hoewel in die aanvang gestrem deur gebrek aan die nodige kapitaal vir uitbreiding, het mnr. Du Toit met toewyding en goeie oorleg die besigheid opgebou tot 'n winsgewende onderneming voorsien van al die nodige moderne masjinerie vir so'n drukkery. In die laaste jare het die drukwerk van allerlei aard so ingestroom dat lank nie alles meer kon aangeneem word nie. Met die oog op nog groter uitbreiding is die saak in 1944 omgeskep in 'n beperkte maatskappy met 'n aanvangskapitaal van £50,000, sedertdien vermeerder na £75,000, wat meestal deur plaaslike persone belê is.

Die nuwe Drukkery sal een van die modernste in die land wees en sal beantwoord aan al die eise wat aan so'n Drukkery kan gestel word. Die grondvloer van die voorste gedeelte van die gebou sal vir kantoordoeleindes ingerig word en die eerste verdieping sal die redaksionele personeel van verskillende blaaie en tydskrifte, wat deur die Maatskappy uitgegee word, huisves. Die tweede verdieping sal deur die opsigter bewoon word. Die vernaamste deel van die Drukkery, n.l. die masjienkamer, sal wees 105 by 120 voet. Ook sal daar 'n groot pakkamer vir die papiervoorraad wees en die nodige rus- en ontspanningslokale vir die personeel.

## Handelsbestuur

Verlede Maandagaand het die Vereniging vir Ekonomie en Handel sy afsluitingsvergadering gehou. Mnr. Sadie het 'n oorsig gegee oor die huidige internasionale geldelike toestande in verhouding tot die hele probleem van internasionale betrekkinge soos dit hom vandag voordoen.

Die Vereniging het 'n gedeelte van sy fondse gestort in 'n fonds wat opgebou word met die oog op die aankoop van noodsaaklikhede vir die voorgestelde nuwe gebou waarin die Fakulteit sy intrek sal neem.

Die volgende bestuur is vir 1946 gekies: *Voorsitter:* Mnr. P. J. Loots; *vise-voors.:* mnr. Franken; *sekr.:* mnr. T. Bonthuys; *asst.-sekr.:* mej. Rina Nel; 3e jaar verteenwoordiger: mnr. Wessels; 2e jaar verteenwoordiger: mnr. Coetzee. Die verteenwoordiger vir die 1e jaarsklas word vroeg a.s. jaar gekies.

* * *

Maandagaand trek die hele Handelsfakulteit nog vir oulaas saam vir 'n gesellige aandjie. Die gesellig heid word gereël deur die tweedejaars as 'n afskeid vir die derdejaars.

## Net Die Ding Vir Gala-Week !

Is u planne vir gala-week al agtermekaar? Hier is net die regte ding vir daardie na-eksamentyd waarin volkome ontspanning noodsaaklik is:

O.B.-Arbeidsdienskamp vanaf 27 November tot 8 Desember op die plaas Schoone Oord, Paarl.

Handig u name in by enige O.B.-offisier of een van die volgende: Sophia Haarhoff, Huis-de-Villiers; Elsa Gibson, Concordia; Epsie de Villiers, Protea of J. W. Bell, Mostertsdrift, voor 22 November.

Die kampfooi is £1-2-6, en u kan dit later inhandig.

Kampvergadering: 26 Nov. om 9.30 vm. in die Volkekunde-klaskamer, Jan Marais-biblioteek.

U kan ook reël om die kamp slegs deeltyds by te woon!

Kom seker! U kan nie 'n fout maak nie!

*Mejj. Anna Snyman* en *Christine Wessels* van Huis-de-Villiers het Satedag verjaar. Daarby het mej. Wessels haar op hierdie dag ook onderskei in die swemgala teen U.K. te Kaapstad.

## Musiekvereniging

Om die stroewe bloktydatmosfeer effens te verlig sal Sondagaand 'n verskeidenheidsprogram aangebied word. Ons nooi almal vriendelik uit om hierdie program by te woon.

Ook versoek ons alle lede en belangstellendes van die Musiekvereniging om hierdie vergadering by te woon daar die Bestuur van 1946 saamgestel moet word. 'n Buitengewone weeksvergadering is buite die kwessie, en ons sal hierdie saak Sondagaand moet afhandel voor die lewering van die program. Kom almal asseblief.

**GAAN U WEG ! ?**

Is dit nou u laaste eksamen op Stellenbosch? U sal dus nie weer volgende jaar hier wees nie ? !

Waar u ook al gaan sal u darem baie verlang na die ou aangename dae daar in Studenteland. U kan u kontak behou slegs op een manier: TEKEN IN OP *DIE MATIE!*

Gee u naam vandag in by mnr. Radloff, Pro Ecclesia-Boekhandel.

**DANKIE ALMAL WAT DANK VERDIEN !**

Aangesien daar vir die volgende paar weke voor Gradedag geen *Matie* sal verskyn nie, moet *Die Matie* nou sy dank oorbring aan almal wat vanjaar die gereelde verskyning van die blad moontlik gemaak het. Soos in die verlede noem ons geen name nie — niemand lewer diens aan *Die Matie* om sy naam in swart letters te laat druk nie. Aan alle lesers en medewerkers, dosente en studente ,ons hartlikste dank. Aan ons drukkers, die Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., ons spesiale hartlikste dank vir hulle uitmuntende en hulpvaardige, tegemoetkomende diens. Volgende jaar ontmoet ons mekaar almal weer.

Ons beste wense aan alle *Matie*-vriende vir 'n baie geseënde Kersfees en 'n Nuwejaar vol van voorspoed en geluk.

*Besoek DIE UITSPAN*

**Waar die atmosfeer rustig is, die bediening beleefd en flink, die spyse — vanaf 'n koppie koffie tot 'n volledige maaltyd — smaakvol aantreklik en goedkoop**

*DIE UITSPAN is 'n besoek werd!*

## ONS WEDSTRYD UITGESTEL!

Aan almal, maar veral aan die studente, wil ons meedeel dat ons ons boekwedstryd op versoek uitgestel het tot

**1 JULIE 1946.**

Daar is dus nog 'n kans vir u om mee te ding!

***Onthou ons Voorwaardes!***

(a) Alle manuskripte **moet** getik wees en slegs aan eenkant van die papier met dubbelspasiëring.

(b) Die C.S.V.-Boekhandel behou die reg op uitgawe van alle verdienstelike ingestuurde manuskripte ingesluit die pryswinnende manuskrip teen 'n outeursaandeel van 15 persent.

(c) Die C.S.V.-Boekhandel dra geen verantwoordelikheid vir manuskripte wat verlore mag gaan nie.

(d) Stuur alle manuskripte behoorlik gemerk „Boekwedstryd" aan

**Die Algemene Bestuurder,**

# DIE C.S.V-BOEKHANDEL

**PLEINSTRAAT**
**STELLENBOSCH**

**EN ONTHOU!**

**ONS BIED £325 AAN IN PRYSE**

vir

Die beste Christelike roman van ongeveer 50,000 woorde;

Die beste Christelike verhaal vir seuns en/of dogters van ongeveer 40,000 woorde.

Die beste Christelike verhaal vir kinders van 4 tot 10 jaar oud van ongeveer 20,000 woorde.

**Die Plaza**

**Foon 0013**

**A SONG TO REMEMBER**

**PAUL MUNI**
**MERLE OBERON**

**VRYDAG EN SATERDAG**
**2 EN 3 NOVEMBER**

**Let Wel! Matinee Daeliks**

***WEET U?***

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

***DIE MATIE***

**Alle Korrespondensie aan:**

DIE REDAKSIE,
„DIE MATIE,"
Posbus 197,
STELLENBOSCH.



# NOU, ALLE SUKSES!

Nog net die laaste steil skof uit, en dan lê die harde werksaamhede van 1945 ook agter die rug. 'n Aangename gedagte vir sommige studente, 'n harde, ontnugterende werklikheid wat onafwendbaar voor ander opdoem. Maar hieroor hoef daar nie veel gesê te word nie: elkeen weet presies waar hy of sy staan — en as iemand miskien nie heeltemal seker was nie, sal die predikaat wat darem by dié tyd bekend moet wees (danksy die afskaffing van senutergende predikatedag) definitief alle onsekerheid opgelos het.

Die vrug van 'n volle jaar se verblyf op Stellenbosch word nou gepluk. Stellenbosch bied soveel aan elkeen wat soek, dat dit voorwaar net die *ideale* student is wat die presiese verhouding kan verkry in alles wat gebied word — faktore tot ontwikkeling van die liggaam en die gees. Uit alles moet die student kies; uit 'n oorvloedige aanbod van akademiese magte en kennis, van sportgeleenthede, van algemeen-kultureel-ontwikkelende waardes, van studentejolyt en vreugde moet die student daardie samestelling vind wat hom tot die mate sal uitbou vir die latere lewe. Ons is nie almal sulke „ideale" studente wat die „volmaakte" balans kan bereik nie, maar ons besit almal die vermoë om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is. As iemand dan getrou soek na die mees bevredigende uit- en opbouing van sy gees en liggaam, en tog aan die einde van die jaar vind dat hy die balans teenoor die akademiese sy van die saak bietjie afgeskeep het, of self voldoende aandag daaraan ook gegee het, en tog nie kan slaag nie, dan kan ons slegs ware opregte simpatie teenoor so'n persoon uitspreek. As iemand egter doelbewus en redeloos sy plig gedurende die jaar verwaarloos het en nou vind dat, selfs al staan daar so'n naelskraap predikaatjie, een week bloktyd onvoldoende is om die paal te haal, dan voel 'n mens geneig om maar so'n verdiende-loon-houding in te slaan. Teenoor diegene wat sonder veel moeite tog speel-speel slaag, kan mens maar die gedagtevraag voel of hulle werklik besef wat hulle besit.

In elk geval, eksamentyd is nie 'n tyd vir filosofieë nie — vraestelle is veels te konkrete voorwerpe daarvoor. Daarom: aan almal wat hulle plig gedurende die afgelope jaar gedoen het, ons wens u alle sukses toe! En almal wat maar laat slap lê het, mag die geluk julle tog goedgesind wees!

**AFRIKAANS HOëR SEUNSKOOL**

PRETORIA

**Sal alle oud-skoliere van A.H.S. Pta., wat studente aan U.S. is, asb. hulle name so gou moontlik by**

**J. C. van Graan,**
**Bosmanstr.,**
**inhandig! Dankie.**

# Eksamenrooster — November '45

Eksaminandi word versoek om onmiddellik, na raadpleging van die eksamenrooster, alle botsings, weglatings en herhalings te kom rapporteer. Geen veranderinge sal andersins in die rooster aangebring word nie.

Eksamenlokale sal later aangekondig word.

### AANDUIDING VAN TYE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandagoggend | (12 Nov.) — a | Saterdagmiddag | (17 Nov.) — l |
| Maandagmiddag | (12 Nov.) — b | Maandagoggend | (19 Nov.) — m |
| Dinsdagoggend | (13 Nov.) — c | Maandagmiddag | (19 Nov.) — n |
| Dinsdagmiddag | (13 Nov.) — d | Dinsdagoggend | (20 Nov.) — o |
| Woensdagoggend | (14 Nov.) — e | Dinsdagmiddag | (20 Nov.) — p |
| Woensdagmiddag | (14 Nov.) — f | Woensdagoggend | (21 Nov.) — A |
| Donderdagoggend | (15 Nov.) — g | Woensdagmiddag | (21 Nov.) — B |
| Donderdagmiddag | (15 Nov.) — h | Donderdagoggend | (22 Nov.) — C |
| Vrydagoggend | (16 Nov.) — i | Donderdagmiddag | (22 Nov.) — D |
| Vrydagmiddag | (16 Nov.) — j | Vrydagoggend | (23 Nov.) — E |
| Saterdagoggend | (17 Nov.) — k | Vrydagmiddag | (23 Nov.) — F |

### A LETTERE EN WYSBEGEERTE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Grieks III | m n | Volkekunde II | a b |
| Grieks II | c d | Volkekunde I | m |
| Grieks I | o p | Geskiedenis IV | a g m |
| Latyn III | i j | Geskiedenis III | i j |
| Latyn II | o p | Geskiedenis II | E F |
| Latyn I | C D | Geskiedenis I | C |
| Hollands IV | a e i m A E | Geografie IV | a m C |
| Hollands III | a b | Geografie III | C D |
| Hollands II | e f | Geografie II | o p |
| Hollands I | a b | Geografie I | g |
| Engelss III | m n o | Ekonomie III | o p |
| Engels II | e f | Ekonomie II | i j |
| Engels I | g h | Ekonomie I | A |
| Engels Spesiaal | e f | Sielkunde IV | g k o C |
| Engels Opv. (vir B.A.) | m | Sielkunde III | e f |
| Duits III | C D | Sielkunde II | a b |
| Duits II | c d | Sielkunde I | k |
| Duits I | E | Sosiologie III | i j k |
| Frans III | g h i | Sosiologie II | C D |
| Frans II | m n | Sosiologie I | C |
| Frans I | A | Maatsk. Werk IV | g k o |
| Hebreeus I | i | Maatsk. Werk II | a b c |
| Bantoetale III | g h | Filosofie III | C D |
| Bantoetale II | c d | Filosofie II | m n |
| Bantoetale I | b | Filosofie I | c |
| Nat.-adm. III | D E F | Fisiol.-Gesondh. | e |
| Nat.-adm. II | o p | Spes. Huishoudk. | b |
| Volkekunde IV | g k o | Fisiologie I (b) | E |
| Volkekunde III | n o p | | |

### B WIS- EN NATUURKUNDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Toegep. Wiskunde IV | a c g k | Soölogie III | i j |
| Wiskunde III | i j | Soölogie II | C D |
| Wiskunde II | a b | Soölogie I | a |
| Wiskunde I | A B | Botanie III | m n |
| Fisika III | A B C | Botanie II | k l |
| Fisika II | m n | Botanie I | g |
| Fisika I | c | Geologie IV | m A E |
| Chemie IV | a e k | Geologie III | E F |
| Chemie III | a b c | Geologie II | k l |
| Chemie II | m n | Geologie I | a |
| Chemie I | E | Fisiologie II | A C E |
| Soölogie IV | m o A | Fisiologie I | c d |

### AFDELING HUISHOUDKUNDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kookk.-Voed. III (Graad) | A B | Liggaamsopv. (H.P.O.D.) | p |
| Kookk.-Voed. II (Dipl.) | m n | Bakteriologie | h |
| Kookk.-Voed. (Dipl. Huish. vir Prim. Ond.) | a | Biologie | k |
| Huisbestuur II (Graad) | a | Metod. v. Huishoudk. | j |
| Huisbestuur II (Dipl.) | a b | Metod. v. Huishoudk. en Naaldw. | j |
| Huisbestuur I (Graad en Dipl.) | C | Opv. Sielkunde (H.P.O.D.) | e |
| Huisbestuur I en II (Dipl. Huish. vir Prim. Ond.) | C | Filos. v. Ond. (Ond. Dipl. Huish. II) | c |
| Naaldwerk III (Graad) | g h | Engels (Ond. Dipl. Huish. I en Musiek-studente) | b |
| Naaldwerk (Dipl.) | g h | Afrikaans (Ond. Dipl. Huish. I en Musiek-studente) | E |
| Naaldwerk (Dipl. Huish. vir Prim. Ond.) | n | Huish. Fisika | h |
| Engels med. (S.O.D.) | k | Spes. Chemie | o |
| Filos. en Metod. v. Ond. (S.O.D.) | D | Fisiol.-Gesondh. | e |
| Skoolgesondh. (H.P.O.D.) | j | Fisiologie I | c d |
| Eerstehulp en Tuisverpl. | f | Chemie II B | m n |
| Gesk. v. Ond. (H.P.O.D.) | B | | |

### C OPVOEDKUNDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **M.Ed. II** | | Afrikaans (H.P.O.D. I—vir Musiek-studente) | E |
| Met. v. Ond. | o p | Engels (H.P.O.D. III) | m |
| Opv. Sielk. | C D | Engels (H.P.O.D. I—vir Musiek-studente) | b |
| Gesk. v. Ond. | i j | Gesk. v. Ond. | B |
| Filos. v. Ond. | e f | Filos. en Met. v. Ond. | i |
| **M.Ed. I** | | Opv. Sielkunde | e |
| | | Skoolgesondheidsl. | j |
| Met. v. Ond. | o | Liggaamsopv. | p |
| Filos. v. Ond. | e | Boekbindery | o |
| | | Eersteh. en Tuisverpl. | f |
| **B.Ed.** | | Met. v. Huish. en Naaldw. | j |
| | | Geskiedenis | D |
| Met. v. Ond | o | Geografie | a |

Vervolg op bls. 3.

**Rook Springbok-Sigarette**

Vervolg van bls. 2.

| | |
|---|---|
| Opv. Sielkunde | C D |
| Gesk. v. Ond. | i |
| Filos. v. Ond. | e |

S.O.D.

| | |
|---|---|
| Gesk. v. Ond. | c |
| Filos. en Met. v. Ond. | D |
| Opv. Sielkunde | m |
| Skoolgesondheidsl. | a |
| Afrikaans med. | A |
| Engels med. | k |
| Kunsgeskiedenis | h |
| Houtwerk | F |
| Jeugbewegings | d |
| Biblioteekwese | p |
| Skoolmusiek | F |
| Metod. v. Skoolvakke | j |

H.P.O.D.

| | |
|---|---|
| Afrikaans (H.P.O.D. III) | c |

## AFDELING LIGGAAMSOPVOEDING

M.Ed.Ph.

| | |
|---|---|
| Teor. v. Ligg. (i) (Albertyn en Krige) | i |
| Teor. v. Ligg. (ii) (Albertyn) | m |
| Gesk. v. Ligg. (Krige) | m |

B.Ed.Ph., Dipl. Ligg. en Sert. Ligg.

| | |
|---|---|
| Afrikaans med. (S.O.D.) | A |
| Engels med. (S.O.D.) | k |
| Spes. Chemie | o |
| Soölogie II Spes. | E F |
| Botanie II Spes. | g h |
| Anat. en Toeg. Fisiol. | m |
| Fisiol. I (Graad) | c d |
| Fisiol. I (b) (Sert.) | E |
| Gesk. v. Ond. | i |

## D LANDBOU EN BOSBOU

(i) B.Sc. in Landbou

| | |
|---|---|
| Chemie III | a b c |
| Chemie II (Org.) | n |
| Landboustatistiek | g |
| Anat. en Fisiol. | k |
| Voedingschemie | m |
| Mikrobiologie | e |
| Akkerbou IV | a e i |
| Akkerbou III (i) (a) | i |
| Akkerbou III (ii) (b) | j |
| Akkerbou II | l |
| Bakteriologie | h |
| Erflikheidsl. III (i) (a en b) | e |
| Erflikheidsl. III (ii) (a en c) | f |
| Erflikheidsl. II | C |
| Suiwelchemie | a |
| Insektekunde IV | m o A C |
| Insektekunde II | d |
| Insektekunde I | a |
| Landb.-ekon. III (i) (a) | e |
| Landb.-ekon. III (ii) (b) | f |
| Landb.-ekon. II | f |
| Landbouchemie III (a) | E |
| Landbouchemie II | k |
| Plantesiektel. II | C |
| Plantesiektel. I | A |
| Suiwelbereid. III | i j |
| Suiwelbereid. II | A |

## E REGTE

| | |
|---|---|
| Handelsreg (LL.B.) | e g |
| Privaatreg | C E |
| Interpret. v. Wette | g |
| Internas. Privaatreg | m |
| Burg. Prosesreg | a |
| Bewysleer | C |

## EKSAMENROOSTER, NOV. '45.

| | |
|---|---|
| Jeugbewegings | d |
| Houtwerk | F |
| Rekenkunde | F |
| Skoolsang | h |
| Naaldwerk | n |
| Biologie | k |

D.O.S.K.

| | |
|---|---|
| Gesk. v. Ond. | m |
| Filos. en Met. v. Ond. | a |
| Spes. Opv. Sielkunde | g |
| Opv. Handwerk | C |

D.O.K.

| | |
|---|---|
| Filos. v. Ond. en Met. v. Kunsvlytond. | a |
| Spes. Sielkunde | g |
| Kunsgeskied. en Waard. v. Kunsvlytprod. | o |
| Skoolgesondheidsl. (H.P.O.D.) | j |
| Filos. v. Ond. | c |
| Opv. Sielkunde (S.O.D.) (Graad) | m |
| Opv. Sielk. (H.P.O.D.) (Dipl.) | e |
| Korrekt. Gimnastiek | C |
| Organisasie en L.O.C.A.K. | o |
| Metod. v. Ligg. (i) (Alg. Metod.) | a |
| Metod. v. Ligg. (ii) (Spes. Metod.) | b |
| Teor. v. Swem en Atletiek (i) (Atletiek) | A |
| Teor. v. Swem en Atletiek (ii) (Swem) | B |
| Stelsels en Gesondh. van Ligg. | k |
| Geskied. v. Ligg. | o |
| Bewegingsleer | o |
| Eerstehulp | f |
| Metod. v. Biologie | D |

| | |
|---|---|
| Suiwelbereid. I | e |
| Veeteelt. III (i) (a) | A |
| Veeteelt III (ii) (b en c) | B |
| Veeteelt II | b |
| Veeteelt I | n |
| Pomologie III (i) (a) | A |
| Pomologie III (ii) (a en b) | B |
| Pomologie II | p |
| Wynbou IV | m A E |
| Wynbou III (i) (a) | k |
| Wynbou III (ii) (b) | l |
| Wynbou II | E |
| Wynbou I | D |
| Groenteteelt | a |
| Landb.-ingenieursw. | F |
| Veesiektes | D |
| Veesiektes en Dierpatol. | D |
| Pluimveeteelt I | c |
| Bosb. (vir Landb.-stud.) | i |
| Fisika I | c |

(ii) B.Sc. in Bosbou

| | |
|---|---|
| Chemie II (Org.) | n |
| Bosbou V (a) | a |
| Bosbou V (b) | c |
| Bosbou VI (a) | e |
| Bosbou VI (b) | g |
| Landb.-ingenieursw. | F |

| | |
|---|---|
| Rom.-Holl. Reg III | j k l |
| Rom.-Holl. Reg II | k l |
| Rom.-Holl. Reg I | o |
| Romeinse Reg | E F |
| Gesk. v. Rom.- Holl. Reg | F |

Vervolg op bls. 4.

## Korrespondensie

Die Redakteur,
*Die Matie,*
Stellenbosch.

Waarde Heer,

Ek sal dit waardeer as die volgende onder my naam in die kolom „Menings van ons lesers" geplaas kan word:

„Graag wil ek aan die Afrikaanssprekende lede van die Stellenbosche Rolprentvereniging (Stellenbosch Film Society) meedeel dat, alhoewel op die program van gisteraand se byeenkoms verklaar word dat ek mede-verantwoordelik is vir die samestelling van die program, ek nie geraadpleeg is oor en geen verantwoordelikheid dra vir die vertoning van die propaganda-prent „Toscanini" nie. Ek wil ook diegene wat aangesluit het by die vereniging op my versekering dat geen rolprente vertoon sal word wat die Afrikaner sal aanstoot gee nie, om verskoning vra. My bedanking as bestuurslid van die vereniging het ek vandag ingelewer.

Met hartlike dank,
die uwe,
*Erica Theron.*

26 Okt. 1945.

## Onder Onsies

Ten tyde van die viering van haar mondigwording verlede Saterdagaand, het *mej. Julie Roux* van Sonop al haar gaste verras met die bekendmaking van haar verlowing met mnr. De Wet Botha.

* * *

*Mnr. Marthinus du Toit* van Wilgenhof verkeer tans in die hospitaal as gevolg van longontsteking.

MATIES!
Netheid Tel Baie!
Ons Tik- en Afrolwerk sal u help.
VERTAALBURO, Stellenbosch
Dorpstraat, Posbus 180.
(Foon 486)

*MATIES!!!*
DE CLERK
DIE DROOGSKOONMAKER
GOEIE VINNIGE DIENSTE.
Birdstraat 79, — Stellenbosch.

Foon 94
Santy se Bottelstoor
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies.*

PROBEER
ons
*VERKOUE- EN INFLUENSA-GENEESMIDDEL*
2/6 per Bottel
JOERNING en SEUN
*(EIEND.) BPK.*
Foon 24
GESTIG 1850

*SO PAS ONTVANG —*
Die Beroemde
MENTMORE „DIPLOMA"
en
GOLDEN PLATIGNUM VULPENNE
7/6 en 12/6
COLUMBIA CHROMIUM
en die beroemde
„IM" GRAMMOFOONNAALDE
—o—
R. Müller's
Musiekhandel, STELLENBOSCH

HALDENWANG
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)

INK
WATERMANS INK IN VERSKILLENDE KLEURE — So pas ONTVANG
TEKENINSTRUMENTE
Goeie Stelle vir Ingenieursstudente £5 10/-
KERSKAARTJIES
Met Universiteitswapen - 4d stuk
4 Ontwerpe
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29
STELLENBOSCH

Rook Springbok-Sigarette

## Nogal nteressant

● *TYDSKRIFTE:* Daar word meer as 180 verskillende koerante en tydskrifte in die Unie uitgegee. Daar is 21 dagblaaie wat gereeld verskyn, waarvan 6 Afrikaans en 15 Engels is.

* * *

● *BIBLIOTEKE:* Daar is vandag ongeveer 20,000 vrye openbare biblioteke in die V.S.A. Die nagenoeg 114,000,000 boeke van dié biblioteke sirkuleer gemiddeld vier keer per jaar. Die grootste Amerikaanse biblioteek is die 150-jaar-oue „Library of Congress" in Washington met ongeveer 6,000,000 boeke.

* * *

● *JODE:* Volgens Whitaker's Almanak van 1944 was daar in 1938 15,749,000 Jode in die wêreld, van wie slegs 424,000 in Palestina was.

* * *

● *MYNTERING:* In die tydperk 1917 tot 1920 het ongeveer 22 uit elke duisend mynwerkers jaarliks silikose opgedoen; gedurende 1929 tot 1932 was die syfer 13.87 en van 1938 tot 1941 slegs 8.43.

* * *

● *WILDTUIN:* Die krugerwildtuin is in 1926 daargestel deur 'n wet van die Unie-parlement. Die lengte van noord na suid is 211 myl; die breedte gemiddeld 40 myl, en die totale omvang 8,652 vierkante myl.

*Pas Ontvang*

***Materiaal***
*vir*
***UNIVERSITEITS-KLEURBAADJIES***
(Oud-Studente sowel as Teenwoordige)

VOORRAAD BEPERK
Plaas u bestelling vroegtydig

***Prys £5-17-6***

●

**Jac. J. du Toit en Kie.**
Offisiële Agente vir Universiteits-Kleurbaadjies
Pleinstraat — STELLENBOSCH

**Alfred Blommaert**

**(Foon 48 en 176)**
**Kerkstraat,**
**STELLENBOSCH.**

KRUIDENIERSWARE
- - YSTERWARE - -
- - PRODUKTE - -

Die Winkel vir billike en spoedige bediening.

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**

**KWV**

**DRUIWESAP**

***Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum***

## Aandag Asseblief !

**MONSTERVERGADERING**

Kom seker na die buitengewone monstervergadering vanmiddag om 3.30 in die Rec.-saal! Dit is 'n baie ernstige en dringende saak ! !

* * *

**DIE MATIE — Gradedag**

*Die volgende en laaste 1945-uitgawe van Die Matie sal nou eers op Gradedag verskyn aangesien die Redaksie sowel as die lesers met die Akademie 'n appeltjie te skil het.*

* * *

**SPORTMANNE IN DIE SINODE**

Binnekort word al die oud-rugbyspelers (en daar is baie!) wat tans die Sinode-sitting in Kaapstad bywoon, onthaal deur die U.S.S.S.-komitee by wyse van 'n dinee in Dagbreek.

* * *

**KWEEKSKOOLPROFESSORE**

E.k. Woensdag word twee professore vir die Kweekskool aangestel — een sal die plek inneem van prof. D. Lategan wat aftree na 15 jaar diens.

***WELKOM MATIES !***
●
**REFLEX STUDIO**
**Andringastraat.**
**DIE STUDENTE-AFNEMER.**

***HENDRIKZ***
(Foon 95)
Vir ELEKTRIESE BENODIGHEDE, RADIO en alle Elektriese Reparasies
(Langs Voortrekker Apteek)
ANDRINGAST., STELLENBOSCH

*Klere van Hoë gehalte teen billike pryse*
●
**J. THERON SMIT**
●
Pleinstraat
STELLENBOSCH

**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

Vervolg van bls. 3.

## EKSAMENROOSTER, NOV. '45.

### F HANDEL

| | |
|---|---|
| Ekonomie III | o p |
| Ekonomie II | i j |
| Ekonomie I | A |
| Bedryfsekon. III | i j |
| Bedryfsekon. II | o p |
| Bedryfsekon. I | i |
| Rekeningwet. III | a b c |
| Rekeningwet. II | g |
| Rekeningwet. I | m |
| Stat. Wiskunde II | D E F |
| Handelstatistiek | C |
| Wiskunde I | A B |
| Bedryfsielkunde II | a b |
| Bedryfsielkunde I | k |
| Duits I | E |
| Engels Spesiaal | e f |
| Hollands I | a b |
| Latyn I | C D |
| Geskiedenis I | C |
| Ekon. Geografie | h |
| Handelsrek II (B.Comm.) | m n |
| Handelsreg II (Spes.) | n |
| Handelsreg I | o |

### G INGENIEURSWESE

| | |
|---|---|
| (S) Werktuigk. en Elektrotegn. (i) — Elektro. Masj. II en Elektrisiteitsvoors. I | a |
| (S) Werktuigk. en Elektrotegn. (ii) — Metaalkunde II | k |
| (S) Werktuigk. en Elektrotegn. (iii) — Stromingsl. II en Pompe I | e |
| (S) Toegep. Meganika A (i) — Sterkteleer III | i |
| (S) Toegp. Meganika A (ii) — Gewapende Beton | A |
| (W) Elektrotegn. III (i) — Elektr.Masj. II en Elektrisiteitsvoors. I | a |
| (W) Elektrotegn. III (ii) — Teor. Elektrotegn. III | c |
| (W) Elektrotegn. III (iii) — Meetinstr. en -metodes en Swakstroomtegn. I | e |
| (W en E) Masjienbouk. III (i) — Sterkteleer III | i |
| (W en E) Masjienbouk. III (ii) — Metaalkunde II | k |
| (W en E) Masjienbouk. III (iii) — Masjienkunde III | m |
| (W en E) Masjienbouk. III (iv) — Grafika (Tekensaal) | A |
| (W en E) Masjienbouk. III (v) — Masjienontwerp II (Tekensaal) | E |
| (E) Waterwerktuigk. II — Stromingsl. II en Pompe I | e |
| (E) Hittewerktuigk. II (i) — Tegn. Term. II en stoomw. II | a |
| (E) Hittewerktuigk. II (ii) — Binnebrandm. I | b |
| Wiskunde III B | c d |
| Toegep. Wiskunde II | k l |
| Toegep. Wiskunde I | k |
| Wiskunde I | A B |
| Fisika II B | m n |
| Fisika I | c |
| Chemie I | E |
| Geologie I | a |
| Siviele Boukunde II | C |
| Siviele Boukunde I — Boustowwe en Bouk. I | C |
| Beskryw. Meetk. I en II | k |
| Masjienbouk. II en II A (i) — Masjk., masjienontw., en Masjond. | f |
| Masjienbouk. II en II A (ii) — Sterkteleer II | A |
| Masjienbouk. II en II A (iii) — Grafostatika (Tekensaal) | B |
| Elektrotegn. II — Teorie II en Elektr. Masj. I | D |
| Hittewerktuigk. I — Tegn. Term. I en Stoomw. I | E |
| Waterwerktuigk. I — Stromingsl. I | P |
| Masjienond. II en -Teken III (i) — Masjienond. | P |
| Masjienond. II en -Teken III (ii) — Masjienteken (Tekensaal) | g |
| Masjienond. en -Teken II (i) — Masjienond. | f |
| Masjienond. en -Teken II (ii) — Masjienteken (Tekensaal) | g |
| Masjienond. I en -Teken I (i) — Masjienond. | f |
| Masjienond. I en -Teken I (ii) — Masjienteken (Tekensaal) | g |

Universiteitskantoor,
STELLENBOSCH.
25 Oktober 1945.

A. J. LUBBE,
vir Registrateur.

*die maak van u volgende*
**Paar Sandale**
**Skoene**
**BESOEK**
**LUBBE**
**EN SEUN**
***die deskundige skoenmakers en repareerders***
Foon 440

**„FLORA"**
**BLOEMISTE**
Plukblomme, Ruikers, Kranse, Skouerruikers, Geskenkmandjies, ens.
Pleinstraat — Stellenbosch

**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.



Onthou u kan oral 'n Raket Koop — maar is dit gesnaar deur 'n Deskundige ?

*Ons nuwe voorraad ingevoerde Rakette is nou hier deur die volgende fabrikate: Dunlops, Slasengers, Grays en Brewers. Ook Tennisballe.*

**Gebrs. DE WET**
Die Plattelandse Sportwinkel

**BRILLE**

***As u 'n oogarts besoek het, bring dan u voorskrif vir u bril na ons.***

***PRYSE DIE BILLIKSTE EN WERK GEWAARBORG.***

*Die Stellenbosch-Apteek*
***(N. C. Hough)***
Andringastraat
STELLENBOSCH